13 Augustus 2017

09:00 Erediens Kanselruiling
Ds Stefan Botha

09:00 – 13:00 Nuwe Generasie erediens by Ya Bana Jeanri Bezuidenhout preek. Na die erediens geniet almal koek-en-tee en speletjies saam met die kinders.

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk!

Almal welkom!

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr kategese)
Fay van Eeden
Jona Preekreeks 2#: 'n Ek-Psalm (Jona 2)

19:00 Belydenisklas
Kursus #2: Spiritualiteit van die lewe (Grootgroep in die Kapel)

20 Augustus 2017

09:00 Erediens
Eric Scholtz

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk!

Almal welkom!

15:00 Orreluitvoering
MD Prof. Carsten Klomp
(van Heidelberg, Duitsland en ander kunstenaars)

18:00 Belydenisaflegging & Pelgrimsgroepe
(Snr Kategese)
Fay van Eeden
Jona Preekreeks 3#: 'n Een-sin-preek (Jona 3)

19:00 Belydenisklas
Kursus #2: Spiritualiteit van die lewe (Grootgroep in die Kapel)

Orrel Uitvoering

KMD Prof. Carsten Klomp van Heidelberg, Duitsland.
Werke: Bach, Rinck, Mendelssohn en Klomp.
Handel Concerto met Kamermusikante.
Wanneer: 20 Augustus 2017 om 15:00 in die Kerk.
Kaartjies: @R100. Besprekings by bets@nglynnwood.co.za, Sondae by die Info-toonbank of die kerkkantoor gedurende die week. Kunstenaars na Suid-Afrika gebring deur Lynnwood Gemeente. Moet dit nie misloop nie!

Nagmaalsnaweek 25 - 27 Augustus 2017



(Nagmaal op Kerkplein, ca. 1895)

Vrydag 25 Augustus

18:30: *Bybelse Ete: Fees van die Bome* in die saal (R100/R50). Besprekings by bets@nglynnwood.co.za, die Info-toonbank of die kerkkantoor gedurende die week. Bring asseblief eie eetgerei en glase.

19:00: *Tienerdeurnag Gr 7's* (Navrae 079 506 4078).

Saterdag 26 Augustus

09:00: *Fietsry by Rosemary Hill (5/10/33 km).* Sms jou naam na 083 382 0663.

11:00: *Speletjiesoggend Gr 8-11.* (Navrae 079 506 4078).

Sondag 27 Augustus

09:00: *Nagmaal: Liturg* Immanuel van Tonder
Orrel: Prof. Carsten Klomp

18:30 *Dankseggingsdiens: Liturg* Fay van Eeden

Inligting: www.nglynnwood.co.za. Navrae: 012 348 1245.

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag:	**Ondersteuningsdienste Bedieningvergadering** 18:00 (Kerkkantoor).
Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. **Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. **Helplift-vergadering** 17:00 (Kapel). **Caritas Bedieningvergadering** 18:00 (Kerkkantoor). **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk)
Woensdag:	**Gasvryheids Bedieningvergadering** 17:00 (A21). **Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836 **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854. **Kerkraadagenda sluit.**
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. **Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	**Bybelstudie** 08:15 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Voorbidding:

Frans en Gerda Human, St Peters Garden Estate 201B, Winnifred Yell 453, Garsfontein, 082 551 0132 – suster oorlede. Begrafnis was Vrydag.

Ludwig Röder, Monicaweg 453B, Lynnwood, 082 877 3523 – hartoperasie (Kalafong Hospitaal).

Koos Terblanche, Oxfordsteeg 4, Lynnwood, Manor, 082 886 0418 – siek.

Christiaan Jacobs, Clearwaterweg 105, Lynnwood Glen, 083 381 6554/083 631 3490 – siek (Groenkloof Hospitaal).

Peet van der Walt en familie, The Rand 333E, Lynnwood, 082 774 3026 – Petra oorlede. Begrafnis was Vrydag.

Bou 'n Baksteen

Tans beland daar jaarliks tonne nie-herwinbare plastiek op ons asgate en in ons oseane. Selfs huishoudings wat hersirkuleer moet nie-herwinbare plastiek weggooi...maar nie vir lank nie! Ons wil al die huishoudings in Lynnwood uitdaag om vir Augustusmaand al julle plastiek en 2 liter koeldrankbottels bymekaar te maak om Eko-bakstene mee te bou. Daar sal binnekort 'n video op ons webblad verskyn met meer inligting rondom die "bou" van 'n eko-baksteen. Kontak gerus vir Fay van Eeden 083 478 0854.

Belydenisaflegging - 20 Augustus 2017

Aansoek vir belydenisaflegging op 20 Augustus 2017 sluit vandag. Stuur asb. so gou moontlik jou vorm aan bets@nglynnwood.co.za.

Maak 'n verskil hierdie VROUE-MAAND

Die vrouebediening van die VGK gemeente in Machadorp het laat weet dat daar 'n dringende behoefte aan sanitêre doekies vir jongmeisies is. Ons vra dat elke dame deur die loop van die maand een pakkie doekies saam kerk toe bring. Daar sal vir hele Augustusmaand 'n gemerkte houer in die portaal wees. Vir meer inligting kontak gerus vir Fay 083 478 0854.

Dankoffer: Oorweeg asb. biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses:
koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing
NG Lynnwood, ABSA
Takkode: 632005,
Tjekrekening nr: 540 580 014
(gebruik asb u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za)
of *SnapScan.*

Snap here to pay
SnapScan

Die Kontak van dié week: Sleepy Hollow, Slaapstad en woede

Reeds as tiener was ek bewus daarvan dat mense na Pietermaritzburg as "Sleepy Hollow" verwys het. My eertydse tuisdorp was wel 'n stad, maar anders as stede in Gauteng was die tempo stadiger. Goed het steeds gebeur, maar soms het dit oorgestaan na môre of selfs volgende jaar. Miskien het naam-noemers dieselfde bedoeling wanneer hulle na ons moederstad as Slaapstad verwys.

'n Bepaalde eienskap kan so deel raak van 'n gemeenskap of geografiese gebied dat dit in naamgewing of gesprekke neerslag vind. Suid-Afrika is wêreldwyd bekend vir sy natuurskoon en tydens my "gesprekke" met Italianers en Fransmanne wat slegs enkele woorde Engels magtig is, vind die uitdrukkings "Krugerpark" en "Tablemountain" beslis aanklank. Reg oor die aardbol is mense bekend met hierdie unieke plekke.

Op 'n meer swaarmoedige noot vermoed ek dat begrippe soos woede en agterdog in ons grein ingeweek het. Soos die Spur-sage het die KFC-sage nog nie sy loop volledig geneem nie. Op Time se webwerf word Susanna Schrobsdorff aangedui as 'n "columnist", 'n joernalis wat haar mening in kort artikels gee. In die 17 Julie 2017 uitgawe skryf sy: "Viral anger spreads like a disease and it's making the country sick." Sy beskryf die VSA as 'n verdeelde land wat dalk oor een saak kan ooreenkom: die woede en bespotting waarin haar land marineer, is vir niemand goed nie. Dis vir niemand goed nie, maar as groep kry hulle dit nie afgeskud nie. Sy beleef dit dat die aanvoorwerk vir woede so goed gedoen is dat wanneer daar op 'n bepaalde oggend nie 'n tweet of nuusberig is waaroor mens kan gal braak nie, jou dag leeg voel. 'n Groep mense wat slaggereed is om gereeld tot die stryd toe te tree, kort slegs 'n geringe vonkie om die sosiale media kruitvat te laat ontplof.

Woede en agterdog se spanmaats is die gevoel dat ons beheer verloor; dinge het te veel verander. In Suid-Afrika het ons amper mak oor geweld geraak, maar die onderliggende gevoelens is steeds met ons. Gelukkig, op 'n effens ligter noot, dui Brian Levin van die "Centre for the study of hate and Extremism" aan dat ons gevoelens en werklike gebeure nie noodwendig dieselfde is nie. As voorbeeld: in ons land is daar 'n veel groter kans om in 'n motorongeluk te sterf as in 'n terroriste aanval. Volgens Levin is die ondertoon van emosies op sosiale media van so aard dat dit gevoelens van vrees, woede en buite beheer wees aanvuur.

Selfs ons Christene se taalgebruik op sosiale media kan giftig raak; laat 'n dominee hom net by 'n krieketwedstryd met 'n bier in die hand afneem en die gort is gaar. Om nie eens die kommunikasie tussen mense van verskillende kleure en agtergronde te noem nie. Woede, agterdog en verdagmakery is hoogs aansteeklik en daar is nog nie 'n goeie teengif ontwikkel nie. Navorsers by die Beihang universiteit in Beijing het vier basiese emosies op sewentig miljoen "posts" gevolg en woede het die sterkste invloed uitgeoefen; vreugde het merkbaar stadiger versprei.

Op Dinsdae is ek deel van 'n klein groepie gelowiges wat saam 'n pad stap om nader aan die Here te kom. 'n Slotsom waartoe ons gekom het nadat ons ons land se onderliggende woede en haat bespreek het, was, "Maak onwaarskynlike vriende". Dis presies wat een dame gedoen het, hulle gesin het vriende geword met rugbyspelers uit 'n township naby Pietermaritzburg. Al die mense betrokke by hierdie ietwat vreemde vriendskap dra nou 'n boodskap uit rakende mense oor wie hulle eers erg agterdogtig was, maar tot wie hulle nou toegeneë voel. Stroomop! Christus se boodskap van vrede, vreugde en liefde is ook wesensvreemd vir die wêreld en tog kan gelowiges nie anders nie.

T-tyd: Smee 'n onwaarskynlike vriendskapsband met iemand in Slaapstad of Sleepy Hollow.

Groete
Peet Crous
(*namens die Predikantespan*)

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asb. ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

Het Jy Geweet?

ons is op Facebook!

Lynnwood Gemeente
Jeug NG Lynnwood
Nuwe Generasie (NG Lynnwood)
Musiek at Lynnwood Gemeente

Kom ons en gesels saam!

EK BIED MY GAWE AAN:

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asb in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

Cantate Domino - koor benodig lede: 'n Interkerklike gemeenskapskoor onderleiding van Francois van Niekerk met begeleiding deur Pierre Cronjé. Die koor wil graag 'n puik Kersprogram aanbied asook optree vir belangrike geleenthede in 2018 en benodig daarvoor heewat meer stemme. Oefentye: 19:30 – 21:00 by NG Kerk Meyerspark. Kontak: Stephannie 082 558 1153, Elmarie 082 976 5228, Elize 082 925 1542.

Die Wilgers Aftree-oord: Eiendom te koop (groter prysverlaging vir dringend verkoop) – Ricky 081 708 2188.

Tafelberg Boeke en Pretoria se Afrikaanse Leeskringe nooi almal om te kom luister na Etienne Bloemhof in gesprek met Etienne van Heerden oor sy nuwe roman *Die Wêreld van Charlie Oeng*. Op 17 Augustus 2017 om 10:00 by Atterbury Teater. Koste R100 pp (verversings ingesluit), Besprekings by Computicket. Navrae: leeskring@gmail.com.

Kraakvars *Classics*: 27 Augustus 2017 om 16:00 in die Atterbury Teater. Koste: R180-R200 by Computicket.

Werkloosheidsversekering (UIF): Huis-/tuinwerkers se werkloosheidsversekering moet nou deur die *u-Filing*-sisteem gedoen word. Kontak vir Isabel Mulder 082 448 5484 of aldiemulders@telkomsa.net vir hulp met die moeitelose omskakeling na die *uFiling*-sisteem.

Vervoer: Lynnwood Oord-inwoners na Glenfair elke 3e Woensdagoggend – Heléne Coetzer 012 348 1826.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Waterprobleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of of e-pos customercare@tshwane.gov.za.